IBO IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

N04/1/A1AFR/SP1/AFR/TZ0/XX

88040003

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1**
**AFRICAANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1**

Tuesday 16 November 2004 (afternoon)
Mardi 16 novembre 2004 (après-midi)
Martes 16 de noviembre de 2004 (tarde)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a commentary on one passage only. It is not compulsory for you to respond directly to the guiding questions provided. However, you may use them if you wish.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N’ouvrez pas cette épreuve avant d’y être autorisé(e).
- Rédigez un commentaire sur un seul des passages. Le commentaire ne doit pas nécessairement répondre aux questions d’orientation fournies. Vous pouvez toutefois les utiliser si vous le désirez.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un comentario sobre un solo fragmento. No es obligatorio responder directamente a las preguntas que se ofrecen a modo de guía. Sin embargo, puede usarlas si lo desea.

*Skryf 'n kommentaar oor slegs een van die passasies. Dit is nie verpligtend om direk te reageer op die coorsiene leidende vrae nie. Jy word nietemin aangemoedig om dit te benut as 'n aanvoorpunt vir jou kommentaar.*

**1.** (a)

**Ringdans van die hamerkoppe**

Alleen onder die kameeldoringboom
waar ek elke dag minder
oor gisters en môres sit en droom,

maar soms nog mompel aan gebede
oor kinders en kleinkinders
versprei in die witman se stede,

vlieg 'n hamerkop, roepvoël van die dood,
óm die boom, óm die boom
en kom wei voor my in die watersloot.

Hy pluk met gesnitter en gesnater
paddas en vissies
witterig los uit die water;

haal, as die beeste eenkant wei,
uit die stil onderstrome
voorvaderlike geeste vir my.

Soms sak hy en 'n paar van sy maters
teen sonsondergang
tot 'n klein dodedans in die waters,

roer en roer dit saam met 'n trippel en trap
van latdun pote
en vlerke wat litterig bewe en klap

dat die wolke en aalwee skud en verwring
en die kringelende waters
met beelde verward in my kop nakring,
tot alles versink in die trap,
trap van die tyd
en nagte se aaklige vlerkgeklap,

en ek duiselig weet wanneer ek opstaan:
met ’n bruin hamerkop op my stroois
en die wit waterkring om die maan,

sal vannag weer een van my ander selwe
in die klein ringdans van die tyd
die vlaktes en stede afsterwe.

DJ Opperman, *Blom en Baaierd* (1960)

– In die mites van Afrika volkere is die hamerkop, ’n tipe reier, ’n voël wie se teenwoordigheid die dood van ’n geliefde aankondig. In die konteks van die gedig, hoe reageer die ou man op die voël se aanwesigheid?

– Wat in sy beskrywing van die voël dui daarop dat hy die besoek van die voël met onheil assosieer?

– Hoe sou jy die toon van die gedig beskryf?

– Die slot is oop vir twee interpretasies. Dink jy die ou man interpreteer die aankoms van die voël as ’n voorteken van sy eie dood of die dood van geliefdes, of beide?

**1.** (b)

**Himba**

Nou loop die vrou met die vuurkool in haar regterhand, die lewende kool. Wat kan sy anders doen? Die skerms van daar anderkant is gister verbrand, en hierdie kool, die pit van die voorvadervuur, is al wat sy kon red. Sy het die een kind op die heup en die ander een aan die bors; hom hou sy met die linkerhand teen sy boud vas. Maar met die regterhand hou sy die kool. Daar was nie tyd om die kool toe te draai in blare soos in die ou tyd, as hulle die stanings versit nie. Sy moes hom kaalhand vat.

Sy hardloop met ’n draffie wat die kinders skud, die regterhand met die kool effens weggehou van haar lyf. Met hierdie kool moet sy die haardvuur maak in die gate oorkant die kop waarheen hulle vlug in tyd van gevaar. Sy blaas hom en gooi hom in die lug op, sy draai hom en pareer hom. Nou blaas sy diékant koud, en dan daardie kant, sy werk hom in haar hand om, en hou hom in die lug soveel sy kan.

Dit het al vaneffe begin skroei, en nou kom die rooivleis onder haar swarterige vel bloot. Sy ruik haar hand. Sy weet sy kan die kool hou solank sy hom op die dooikol hou. Sy gooi hom om, en sy blaas en hou hom in sy gloei vas op die plek wat hy reeds doodgebrand het.

Sy hardloop agter die kool aan voor die gevaar uit solank haar hand sal hou.

Petra Muller, Uit: *In die omtes van die hart* (1995)

– Die verhaal gaan oor ’n vrou en haar kinders wat vlug, maar die grootste deel van die vertelling gaan oor haar stryd om ’n kool vuur lewend te hou. Wat sê dit vir jou omtrent die dieper betekenis van die verhaal?

– Die verteller fokus op die vrou se hand wat al erger verbrand. Wat wil hy met die sterk grafiese beskrywing aan die leser deurgee?

– Watter betekenis of betekenisse kan aan die begrip vuur in die uittreksel gegee word? Brei uit op jou antwoord.

– Watter emosies word deur die storie in jou wakker gemaak?